# 19 Desember 2023 - Lesing 204 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Julle mense gaan die einde tegemoet **–** 5/7/61

**NO: 7935** ‘n Verlossingsperiode loop ten einde, want die tyd is vervul. My heilsplan is vasgestel sedert ewigheid en **My plan** sal deurgevoer word soos dit deur My Liefde en Wysheid bepaal is. Maar julle mense kan nie deurgrond wat die einde beteken nie, want julle kan julleself nie voorstel dat ‘n verandering kom wat **al die skepsels sal vernietig en alles wat leef oplos en uitwis nie**.

Iets soortgelyk het die mensdom nog nooit beleef nie en daarom wil hulle ook nie glo dat die aarde haar einde tegemoetgaan nie. Julle mense staan voor geweldige gebeurtenisse, maar julle sal die ware betekenis nie daaraan kan toeken nie, omdat julle nie bewus is van die erns van julle toestand nie.

Julle gaan die einde tegemoet en alles om julle heen en alles wat julle sien en deur julle gesien kan word hou op om te bestaan. **Alles sal vernietig word, ook julleself, as julle nie behoort tot Myne wat weggeneem sal word** deur My Mag en My Wil nie, soos wat Ek dit verkondig het. Ek sal hulle wegneem voor die oë van hul medemense omdat hulle aan My behoort **en Ek hulle sal plaas op die nuwe aarde**, as die werk van omvorming plaasgevind het.

Die tyd is vervul, want elke verlossingsperiode is tydelik begrens, hoewel eindeloos lank sodat julle mense niks meer weet van die begin nie en daarom beskou julle ook ‘n einde as onmoontlik. Maar dat julle nou die einde moet belewe het sy oorsaak in julle eie wil. In die weerstand wat die gees in julle My gebied het en ook nou nog bied, want anders sou julle nie verlore kan gaan nie, d.w.s. anders sou julle die hernieude kluistering in die skeppings van die nuwe aarde nie hoef te vrees nie.

Slegs die weerstand teen My beslis ook julle lot na die einde van hierdie aarde, want sodra julle die weerstand opgee, keer julle julleself tot My en **behoort aan Myne wat Ek sal red voor die einde aanbreek**.

Vir julle mense sonder ‘n enkele geestelike band, is alles onbegryplik wat saamhang met die einde van die ou aarde. Julle sal waarskynlik nooit glo dat die tyd aangebreek het waarin elke mens die besluit moet neem oor lewe en dood nie, want hierdie besluit sal niemand van julle gespaar bly nie.

Julle mag julleself nie veilig waan deur die idee dat daar nog lank geen einde gaan kom aan die skeppingswerk aarde nie, want spoediger **as wat julle dink** sal die einde aangebreek het, omdat die tyd vervul is. Ek Self is in My wese standvastig, **dus is Ek ook in My Woord standvastig.** Alles moet vervul word wat Ek vir julle aangekondig het en My plan sal verwesenlik word wanneer die tyd daarvoor aangebreek het.

En dat die tyd aangebreek het, kan gesien word aan die vele “tekens” waarop Ek julle opmerksaam gemaak het en waarop Ek julle steeds gewys het toe Ek die einde verkondig het.

**Wie dus ore het om te hoor moet hoor en wie oë het om te sien die moet kyk**. Maar julle mense wil nie hoor en nie sien nie en daarom kan Ek My nie nog duideliker openbaar om nog geloof by julle te vind of te bereik nie.

My waarskuwings sal nie ophou tot die dag van die einde aangebreek het nie en salig hulle wat in My woorde glo, hulle wat volgens die geloof lewe en **hulleself met My verbind in liefde en vertroue**, want hulle is waarlik gered vir tyd en ewigheid. Vir hulle sal Ek sorg in elke liggaamlike en geestelike nood en hulle hoef dus ook die einde nie te vrees nie.

Want voordat die skrikwekkende uur aanbreek het, **word hulle van die aarde weggeneem** en hulle sal die gebeurtenis van die vernietiging aanskou om My mag en heerlikheid daarin te sien, **want hulle moet daarvan getuig op die nuwe aarde.**

En daar het al die leed ‘n einde en hulle mag die vreugde belewe van die paradys. Die tyd is nou vervul en dit sal gebeur soos wat dit verkondig is, want My Woord is Waarheid en sal waar bly vir ewig. Amein.

2Petrus 2

*6 en deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n **voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms sou wou verbaster**;*

*7 en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die ontugtige lewe van die besoedelde mense;*